



Vak: Graad 9 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 82 Punte

1. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 1 dat die kameelperdjie in 'n dieretuin in **Tennessee** in die **VSA** gebore is.

2. Kipekee | uniek 4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 6 dat die kameelperdjie die naam **Kipekee** gekry het. Dit beteken ("means") **uniek** in Swahili.

3. kamouflering | kamoufleer 3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 3:

Sy is 'n mooi, soliede bruin ("solid brown") kleur, sonder enige van die spesie se kenmerkende ("characteristic") patrone wat haar in die natuur met **kamouflering** ("camouflage") sou help.

4. publisiteit | bewus 4 punte

Verduideliking:

In paragraaf 4 lees ons dat die eienaar ("owner") van die dieretuin hoop dat die **publisiteit** ("publicity") oor die kameelperd sonder kolle, mense **bewus** ("aware") sal maak van die bedreiging ("endangerment") wat gevlekte kameelperde ervaar, want hulle **raak al hoe minder**.

5. kolle | patrone 3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 1 dat die kameelperdjie **sonder kolle** ("without patterns") gebore is.

6. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Paragraaf 6:

"Na 'n aanlynstemmery is sy **Kipekee** gedoop."

Kipekee is 'n **Swahiliwoord**. Dit beteken "**uniek**".



7. B: Rustig en nuuskierig.

4 punte

Verduideliking:

Paragraaf 7:

"Sy is baie **rustig** ("peaceful") en **nuuskierig** ("curious")."

8. getalle | nommers | syfers | persentasie

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 5 dat volgens die eienaar ("owner") van die dieretuin ("zoo") die kameelperd se **getalle** besig is om **af te neem** ("decrease") in die natuur ("nature").

9. C: is in 'n aanlynstemmery gekies.

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 6 dat sy haar naam, Kipekee, na 'n **aanlynstemmery** gekry het.

10. A: persoonlike voornaamwoord

4 punte

Verduideliking:

'n **Persoonlike voornaamwoord** ("personal pronoun") word gebruik in die **plek** van 'n **eienaam** ("proper noun") (wat alreeds aan jou bekend is, of voorheen in die sinne genoem is) of 'n **soortnaam** ("common noun").

In hierdie sin **vervang** die **persoonlike voornaamwoord**, hulle, die **soortnaam**, **kameelperd**.



11. 'n Wetenskaplike vertel dat die kameelperd 'n soogdier met 'n kenmerkende lang nek is. 3 punte

Verduideliking:

Volg die **stappe** om 'n sin in die **indirekte rede** ("indirect speech") te skryf:

- **Identifiseer** ("identify") die werkwoord ("verb"), of in hierdie geval, die **hulpwerkwoord** ("auxiliary verb").
- **Skuif** ("move") die hulpwerkwoord, **is**, na die **laaste plek** ("last position") in die sin.
- Laat die **dubbelpunt** ("colon") **weg** en **voeg** ("add") die woord, **dat**, daar **in** die sin.
- Verander die **hoofletter** ("capital letter") van die **woord** wat **na** die **dubbelpunt** gestaan het, na 'n **kleinletter** ("small letter").
- Die sin in die indirekte rede **behou dieselfde tyd** ("remains in the same time") as wat die sin in die direkte rede gehad het - in hierdie geval die **teenwoordige tyd**.
- Die **aanhalingstekens** ("quotation marks") aan die begin en einde van die wetenskaplike se werklike woorde **verval** ("falls away").

Die sin lees dan so:

- 'n Wetenskaplike **vertel dat die** kameelperd 'n soogdier met 'n kenmerkende lang nek **is**.

12. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Die woord, aansienlik, bestaan uit:

- **Voorvoegsel** + **basiswoord** + **agtervoegsel** ("prefix + root word + suffix") aan + sien + lik.

13. eienaam | byvoeglike naamwoord | selfstandige naamwoord 6 punte

Verduideliking:

Die woordsoorte ("parts of speech") wat aangedui word, is:

- Die woord, **Grieks**, is 'n **eienaam** ("proper noun"), want dit is 'n land se eie spesifieke naam.
- Die woord, **nek**, is 'n **selfstandige naamwoord** ("noun"). Dit **benoem** ("names") 'n deel van 'n liggaam.
- Die woord, **lang**, **beskryf** ("describes") die **nek** van die kameelperd. 'n Woord wat 'n **selfstandige naamwoord beskryf**, word 'n **byvoeglike naamwoord** ("adjective") genoem.

14. Vraagsin | Vraag

3 punte

Verduideliking:

'n **Vraagsin** ("question") word gebruik om 'n **vraag** te **vra** ("ask"). Die vraagsin **eindig** met 'n **vraagteken** ("question mark"). Die vraagteken is 'n **leesteken**.

15. Verlede

3 punte

Verduideliking:

Die werkwoord ("verb"), **was**, dui aan dat die sin in die **verlede tyd** ("past tense") geskryf is. Nog 'n voorbeeld van was in die **verlede tyd**:

Teenwoordige tyd ("present tense")

- **Vandag is** ek laat vir skool.

Verlede tyd

- **Gister was** ek laat vir skool. (verlede tyd)
-

16. d.m.v.

3 punte

Verduideliking:

Sommige **woordgroepe** ("word groups") word **afgekort** ("abbreviated") deur:

- Die **eerste letters** van **elke woord** te gebruik.
- 'n **Punt na elke letter** te plaas.
- Daar is **geen spasie** tussen-in nie.

Nog voorbeelde van **groepe woorde** wat afgekort word, is:

- Met ander woorde - m.a.w.
- Kontant by aflewering - k.b.a.
- Blaai om - b.o.



17. B: Het die kameelperd se poot 'n gesplete hoof?

4 punte

Verduideliking:

'n **Vraagsin** ("question") in die **verlede tyd** ("past tense") of die **toekomende tyd** ("future tense") **begin** altyd met die **hulpwerkwoord**.

- Daarna volg die **res** van die sin se **woorde** in **dieselfde volgorde** as wat dit in die stelsin was.
- Die **vraagsin eindig** met 'n **vraagteken** ("question mark").
- Die korrekte antwoord is: **Het** die kameelperd se poot 'n gesplete hoof?

18. B: deur familiebande aan mekaar verwant

4 punte

Verduideliking:

Naasverwante ("related") beteken dat die **kameelperd** en die **okapi** as **familie** ("family") van mekaar beskou word.

19. enkelvoudige sin | saamgestelde sin

4 punte

Verduideliking:

'n **Sin** bestaan uit **sinsdele** (wat uit een woord of meer as een woord bestaan), naamlik:

- 'n **Onderwerp** ("subject")
- 'n **Gesegde** ("verb")
- 'n **Voorwerp** ("object")

'n Gesegde is die **aksie** wat uitgevoer word en bestaan uit die **werkwoord** en kan **hulpwerkwoorde** ("auxiliary verbs") insluit. Dié **enkelvoudige sin** ("simple sentence") het **een gesegde** - loop.

Twee of meer enkelvoudige sinne word **saamgevoeg** word deur middel van 'n **voegwoord** om 'n **saamgestelde sin** ("compound sentence") te vorm.

In dié sin is:

- Die voegwoord ("conjunction")- **as**.
- Die twee gesegdes - **is** en **speel**.

20. waar

2 punte

Verduideliking:

"Kameelperd met jou lange **nek**, kan jy hom nog langer **rek**."

Die **e-klank** wat in **vetdruk** ("bold") is, is 'n voorbeeld van **assonansie** ("assonance"). Assonansie is 'n soort **halfrym** waar **vokale** ("vowels") in 'n **versreël** ("line") **herhaal** word.



21. waar

2 punte

Verduideliking:

Die feit dat kameelperde **kleurvisie** ("color vision") het, beteken dat hulle die vermoë ("ability") het om **verskillende kleure** waar te neem.

22. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die woord "**streke**", waarin die kameelperd voorkom, het 'n **letterlike betekenis** ("literal meaning").

Die land is **letterlik in streke verdeel** ("divided in areas") en indien nodig, kan jy van streek tot streek ry en daaraan **raak** ("touch").

23. wei | "wei" | wei.

3 punte

Verduideliking:

Die korrekte keuse se betekenis:

• **Wei** - Die skape **wei** in die veld. Dit beteken hulle **eet**. Gebruik die **assosiasie** soos verduidelik in die **leidraad** ("hint") om die **betekenis** ("meaning") by die korrekte **spelling** te pas.

Die ander woord, **wy** - Iemand besluit om sy of haar lewe aan die **verbetering** ("improvement") van babas se **gesondheid** ("health") te **wy**.

24. selfstandige naamwoord | werkwoord | voegwoord

6 punte

Verduideliking:

'n **Selfstandige naamwoord** ("noun") benoem ("names") **mense, diere** of **dinge**.

'n **Werkwoord** ("verb") dui aan watter **aksie** ("action") in die sin uitgevoer word.

'n **Voegwoord** ("conjunction") word gebruik om **enkelvoudige sinne** ("simple sentences") of groepe woorde **bymekaar** te voeg. Die voegwoord, **aangesien**, is deel van voegwoorde uit **Groep 3**. Daar word **nie** 'n **komma** voor hierdie groep **voegwoorde** gebruik nie.

25. waar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in **paragraaf 6** dat omtrent **40 000 mense** van reg oor die wêreld aan die stemmery ("voting") **deelgeneem** ("participated") het. Dit is **nie min nie**, maar **baie**.

Totaal: 82 Punte

